

COMMUNIQUÉ AAN DIE SUT GEMEENSAP

GELEIDELIKE OPENING VAN DIE UNIVERSITEIT

29 Mei 2020

2020 #18

Liewe SUT Gemeenskap

Ek vertrou dat dit nog goed gaan met julle, en dat julle gesond is te midde van hierdie uitdagende en buitengewone omstandighede.

Ons gaan voort met ons multimodel onderrig- en leerprogramme gedurende die huidige inperkingstydperk, aangesien SUT daartoe verbind is om te verseker dat alle studente 'n regverdige geleentheid gegun word om die 2020 akademiese jaar te voltooi.

Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Innovering het die beheerde terugkeer van finalejaar-studente in programme waarin kliniese opleiding vereis word, tydens Vlak 4 van die inperkingstydperk goedgekeur. By SUT sal 'n totaal van 133 finalejaar-studente in Radiografie, Kliniese Tegnologie en Biomediese Tegnologie (**Kohort 1**) op 1 Junie 2020 na hul privaat- of universiteitskoshuise in Bloemfontein terugkeer. Hierdie studente moet hulself in hul onderskeie koshuise in kwarantyn plaas vanaf 1 tot 14 Junie 2020, voordat hulle op 15 Junie 2020 met geselekteerde akademiese kontak-aktiwiteite op kampus kan begin. Die Visekanselier: Onderrig en Leer het reeds met hierdie studente in verbinding getree.

Aangesien ons die hoëronderwyssektor se tema, naamlik **red die akademiese jaar – red lewens**, aangeneem het, is die gesondheid en veiligheid van ons personeel en studente van kardinale belang. Alhoewel ons daartoe verbind is om die 2020 akademiese jaar te voltooi, sal die SUT Raad en Bestuur nie die gesondheid en veiligheid van ons personeel en studente in gedrang bring nie. Alle geboue op beide kampusse, insluitende die universiteitskoshuise, is gedekontamineer en skoongemaak. Ons het ook ontsmettingstasies regoor die kampus geïnstalleer, en alle persone wat ons kampusse betree, sal geskandeer word. Personeel en studente sal van wasbare materiaalmaskers voorsien word, en sal veiligheids- en gesondheidsoriëntering ondergaan. Nietemin, ten spyte van hierdie maatreëls het ons ingestem dat die multimodel afstandsonderrig- en leerprogramme gedurende die inperkingstydperk sal voortgaan, en dat personeel steeds van die huis af sal werk, indien moontlik.

Bykomend tot die bogenoemde, het die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie op 23 Mei 2020 verklaar dat 'n maksimum van 33% van die studentepopulasie toegelaat sal word om tydens **Vlak 3** van die inperkingstydperk na die kampusse terug te keer, op voorwaarde dat hulle veilig geakkommodeer en ondersteun kan word, in ooreenstemming met die gesondheids- en veiligheidsprotokols. Dit sluit onder andere die volgende in: finalejaar-studente wat toegang tot laboratoriums, tegniese toerusting en gespesialiseerde rekenaarlaboratoriums benodig; studente in alle studiejare waarvoor kliniese opleiding in hul programme vereis word; en nagraadse studente wat laboratorium- en ander tegniese toerusting vir hul studies benodig. Ons is tans besig om hierdie studente se geleidelike terugkeer gedurende Junie (**Kohort 2**) te finaliseer. Die Visekanselier: Onderrig en Leer en die Dekane sal gedurende volgende week met hierdie kohort studente en personeel kommunikeer. Alle ander studente word deur multimodel afstandsonderrig en leer ondersteun totdat hulle uiteindelik na die kampus kan terugkeer.

Waar moontlik, sal personeel wat van die huis af kan werk, daarmee voortgaan, en die betrokke Lynbestuurders sal met hulle in verbinding tree.

Ons bly daartoe verbind om ons studente te help om die 2020 akademiese jaar suksesvol te voltooi, en om ons personeel te ondersteun. Dankie vir jul volgehoue ondersteuning!

Besoek gerus ons amptelike kommunikasiekanale vir opgedateerde inligting, en onthou om die COVID-19 veiligheidsprotokol na te kom. Ons wil ook hê julle moet weet dat ons ten volle bewus is van die uitdagings wat julle gedurende hierdie tyd moet trotseer. Wees verseker dat julle nie alleen gedurende hierdie uitdagende tyd is nie!

Mag julle almal geseënd wees!

Prof. Henk de Jager

Visekanselier en Rektor